**Skriflesing  Matteus  26 vers 36-46**
**Tema  In die skadu van die kruis**

**PREDIKING**
Ons gaan vanoggend kyk na Jesus se reaksie in die skadu van Sy kruis en dan ook kortliks na ons reaksie in die skadu van Jesus se kruis.

Getsemané beteken oliepers. Die olie van die olywe wat in die tuin van Getsemane gegroei het, is daar uitgedruk. Jesus word ook hier in 'n sekere sin van alle kante uitgepers. Dit is die dag voor Sy dood aan die kruis. Getsemané is die een  oomblik in die geskiedenis waar God en die duiwel se wil dieselfde was. Jesus moes sterf. Natuurlik verskil hulle motivering hemelsbreed. Die duiwel soek dood, die dood van die Seun van God en die ewige dood van alle mense vas-gevang in sonde. God se plan is lewe. Sy enigste Seun moes die sonde van die mensdom op Hom neem, vir ons sonde sterf en so ons sonde en dood oorwin, sodat ons kan leef.

In hierdie oomblik beleef Jesus met ander woorde hemelse en helse pyn en angs. Hy weet wat vir Hom voorlê. Ons lees in die voorafgaande verse dat Hy die nagmaal, die maaltyd waarin sy dood herdenk word, ingestel het. Hy sê ook vir Sy dissipels dat hulle Hom in die steek gaan laat. En Jesus is is maar 'n jong man, ongeveer 33 jaar oud.

Die is nie maar 'n fladdering op die maag of 'n beklemming om die hart wat Hy ervaar nie. Ons lees in Lukas  22 vers 44: Hy het in doodsangs geraak en het nog ernstiger gebid. Sy sweet het soos bloeddruppels geword wat op die grond val. Daar is bloedvaatjies naby sweetkliere wat, wanneer ons uiterste angs ervaar, kan bars. Daarom praat ons ook van bloedsweet.

Hy moet die beker van God se toorn oor ons sonde drink. Iemand praat van hierdie beker as "'n beker sonder bodem. Die beker bevat die skrik van duisend dode."

Wat is Jesus se reaksie in die skadu van die kruis? Hoe reageer Hy wanneer dinge moeilik raak en Hy vreesbevange en doodsbenoud is?

**Ons sien in die eerste plek dat Hy Sy beste vriende met Hom saamneem**
Jesus neem vir Petrus, Johannes en Jakobus saam na die tuin van Getsemané. En Hy is eerlik met hulle. Hy steek nie weg of sit nie 'n masker op nie. Hy sê vir hulle in Matteus 26 vers 38: "Ek voel doodsbenoud. Bly hier en waak saam met My." Ongelukkig raak hulle aan die slaap.

Ons het mekaar so nodig. Wanneer die lewe jou druk, gaan na jou beste vriende toe. Ons is daar om  mekaar te ondersteun.

**Jesus gaan praat ook met sy Vader**
Hy bid eerlik.  In Matteus 26 vers 39 lees ons in die Boodskap: "Hy het 'n paar treë verder gaan kniel. Met Sy gesig tot teen die grond gebuig, begin Hy bid: "My Vader, is daar enige kans dat Ek die pad wat vir my voorlê nie hoef te loop nie? Is daar enige uitweg? Maar Ek probeer nie allerhande planne maak nie. Maak U die planne asseblief! Doen wat U wil."
Hy bid gelowig tot: "My Vader"
Hy eis nie dat sy wil moet geskiet nie. Die Vader moet doen wat Hy wil.
Hy bid drie keer. Natuurlik het God die eerste keer gehoor. Maar as alles te veel word, leer ons by Hom om te bly bid, bid en bid.

Gebed kan God die Vader van plan laat verander. Daar is voorbeelde daarvan in die Bybel. Ons lees in Amos 7 vers1-6: "[1]Die Here God het my 'n gesig laat sien: Hy was besig om 'n sprinkaanswerm te vorm toe die gras weer begin uitspruit het nadat die koning se hooi af was.
[2]Die sprinkane sou al die groenigheid in die land afvreet, en ek het gesê: "Here my God, ver-gewe tog vir Jakob! Hoe sal hy staande bly? Hy is klein!" [3]Die Here het toe van Sy voorneme afgesien, Hy het gesê: Dit sal nie gebeur nie. [4]Die Here my God het my 'n gesig laat sien: Hy

het 'n vuur opgeroep tot straf, en die vuur het die groot watervloed laat opdroog en dit sou ook die bewerkte grond verteer het. [5]Maar ek het gesê: "Here my God, hou tog op! Hoe sal Jakob staande bly? Hy is klein!" [6]Die Here my God het toe van Sy voorneme afgesien, Hy het gesê: Ook dit sal nie gebeur nie."

En ons lees van Hiskia in 2 Konings 20 vers 1-6: "[1]In dié tyd het Hiskia ernstig siek geword. Die profeet Jesaja seun van Amos het na hom toe gekom en gesê: "So sê die Here: Sê vir jou gesin wat jou laaste wense is, want jy gaan sterf, jy sal nie langer lewe nie." [2] Toe draai Hiskia sy gesig na die muur toe en hy bid tot die Here: [3]"Ag, Here, neem tog in ag dat ek voor U in trou en met volle oorgawe geleef het en dat ek gedoen het wat reg is in u oë." Hiskia het bitterlik gehuil. [4]Jesaja was nog nie die binneplein van die stad oor nie toe die woord van die Here tot hom kom en sê: [5]"Gaan terug en sê vir Hiskia, die leier van My volk: So sê die Here, die God van jou voorvader Dawid: Ek het jou gebed verhoor, Ek het jou trane gesien. Ek gaan jou gesond maak, en jy sal oormôre weer na die huis van die Here toe kan gaan. [6]Ek sal jou lewe met vyftien jaar verleng en jou en dié stad red uit die mag van die koning van Assirië. Ek sal dié stad beskerm, om My ontwil en om My dienaar Dawid se ontwil."

Jesus se gebed laat God egter nie van plan verander nie. Jesus se gebed verander Homself. In Sy eerste gebed pleit Hy dat die lydensbeker by Hom moet verbygaan. In Sy tweede gebed sien ons reeds iets van Jesus se gewilligheid om die lydensbeker te drink. Hy weet dat Hy nie die lydensbeker gespaar kan word nie. Hy gaan nie veg of vlug nie. Hy gaan Sy lydenspad voluit en end-uit loop.

Dit is hoe Jesus reageer in die skadu van Sy kruis. Wat doen ons in die skadu van Jesus se kruis?

In haar gedig: **Van Kersfees tot Mei** skryf Eveleen Castelyn soos volg:
"in Desember is Jesus weer gebore en hulle het Hom toegedraai in geskenkpapier en Hom neergelê in die supermark
ek het 'n boom versier met liggies en engeltjies en Hom uitgenooi na 'n kersfeesmaal van kalkoen en wyn, maar Hy het weggevlug na die woestyn
Goeie Vrydag was 'n pasga sonder bitter kruie en ongesuurde brood voor die langnaweek se uittog
op Paasmaandag(sondag) is die opstanding uit die dood feestelik gevier met paashasies en paaseiers in blinkpapier
Hemelvaart was die eerste vakansiedag in Mei waarop ons kon dam toe ry"

Jesus is in 'n worstelstyd met Sy Vader. Hy het net een versoek vir Sy vriende. Hulle moet by Hom bly en saam met Hom waak en bid. Maar hulle raak aan die slaap. Ek sou waarskynlik vir my slapende klomp vriende vertel het wat ek van hulle dink. Dalk sou ek die klomp ruggraat-loses weggejaag het. Maar Jesus bly lief vir Sy vriende. Hy is teleurgesteld, maar Hy veroordeel nie. Hy jaag nie weg nie. Na Sy gebedstryd, nooi Hy hulle uit om saam met Hom te loop.

Die kruis roep ons opnuut op tot dankbaarheid en om te waak en bid. Hier aan die vooraand van Paasnaweek, speel Sy bedroef, beangs, doodsbenoud wees en Sy sterwe in my en jou plek enige rol in ons beplanning vir die naweek? Of gaan ons ook aan die slaap raak en net lekker lang-naweek hou met paashasies en paaseiers?

**Afsluiting**
Wanneer die lewe dreig om jou plat te druk, gaan soek jou beste vriende op. En gaan kniel met jou gesig teen die grond. Praat eerlik met die hemelse Vader. Jy sal van Hom krag ontvang om jou geloofspad end-uit en voluit saam met Hom te loop.
En laat toe dat die skadu van die Here se kruis jou opnuut wakker maak tot 'n dankbare lewe.
**Amen**